

Maandag 31 Januarie

Skrifgedeelte: Psalm 119:105-112; Johannes 1:4, 5 (AFR2020)

Fokusgedeelte: Psalm 119:105

Leef in die lig van die Woord!

Elkeen van ons het sekerlik al in die nag in padverleggings beland. Die onsekerheid, die angs, die besef van gevaar omdat niemand presies seker is waar wie moet ry nie en niemand ordentlik kan sien wat gaan vir wat nie.

So voel ons as gelowiges baie maal op ons lewenspad – en duidelik ook die digter van Psalm 119. Oral is daar gevare, van binne en buite. Van binne onsekerheid oor die toekoms van die land, Covid se impak en selfs my verhouding met God. Van buite die gevaar van goddeloses wat dit al moeiliker en gevaarliker maak om ons Here vrylik te dien.

Hoe bly ons veilig? Leef in die lig van die Woord! Laat die lig van God se Woord die duisternis binne en buite jou verdryf. Dit ervaar ons by uitstek in die verlossingswerk van Jesus – die mensgeworde Woord wat deur die Gees in elke gelowige woon.

Drie foute maak ons ongelukkig baie maal:

- Ons leef nie in die lig wat ons het nie. Ons dink die Woord het nie iets te sê vir ons spesifieke omstandighede nie.
- Ons wil nie in die lig leef nie! (Seker die mees algemene probleem.) Ons wil die duisternis in en dan is ons vies as ons val en seerkry.
- Ons het die lig, maar dit skyn so flou dat ons steeds nie kan sien waar ons gaan nie. Ons ken die Woord so gebrekkig dat ons steeds in situasies beland waar ons nie weet wat om te doen nie.

Die regstelling vir al drie is dieselfde: toewyding en gehoorsaamheid. Ons moet hoor wat God sê en ook gaan doen wat God sê. Ons moet die lig gebruik wat God vir ons gee. Dan sal ons nie op afdraaipaadjies en in slaggate beland nie, maar op die regte pad bly. Leef in die lig van die Woord!

Sing: Psalm 119-1:39, 40

Ds. BA van der Walt (Banie) (Paarl)